HUGENOTE-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Die Hugenotemonument op Franschhoek is op 17 April 1948 ingewy.

Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika
Posbus 293, Franschhoek 7690
Tel: (27)(21)876-2598; Faks: (27)(21)876-3649
Webwerf: **http://www.hugenoot.org.za**
e-posadres: **hugenote@telkomsa.net**

Die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika is op 12 Maart 1958 gestig met die volgende doelwitte:

- handhawing en bevordering van die nalatenskap en geskiedenis van die Hugenote in Suid-Afrika;
- instandhouding van die Hugenote-monument en Gedenkmuseum te Franschhoek, Weskaap;
- navorsing oor ons Hugenote-verlede, veral t.o.v. die geskiedenis, sosiaal-maatskaplike, politieke en ekonomiese aspekte
- ondersteuning van genealogiese navorsing en die publisering van genealogieë van SA families van Hugenote-afkoms;
- aanmoediging vir die bewaring, uitstallingen finansiering van Hugenote-erfstukke in die Hugenote Gedenkmuseum in Franschhoek;
- die organisering van herdenkingsbyeenkomste.
- skakeling te bewerkstellig met internasionale Hugenote-verenigings

Enige persoon wat die doelwitte van die Vereniging ondersteun, kan aansoek doen vir lidmaatskap, hetsy gewone (jaarliks hernubaar), of lewenslange lidmaatskap..
Sedert 1953 publiseer die Vereniging elke jaar in September 'n “Hugenote-Bulletin” waarin nuusberigte oor die aktiwiteite van die Vereniging en sy lede, en lede se artikels oor familiegeskiedenis, navorsing en veral genealogiese artikels vervat is. In elke uitgawe word die fokus telkemale geplaas op een of ander familie van Hugenote herkoms. Die “Hugenote-Bulletin” word gratis voorsien aan alle ingeskrewe lede van die Vereniging.
Ander aktiwiteite van die Vereniging sluit in die publikasie van boeke oor die Hugenote-geskiedenis, en die genealogieë van families van Hugenote-herkoms in Suid-Afrika. Genealogiese navorsing oor Hugenote-afstammelinge word onderneem deur personeel van die Hugenote Gedenkmuseum in Franschhoek.
Kompakskywe en DVD’s oor aspekte rakende die Hugenote, hul oorsprong en vestiging in Suid-Afrika, dokumentêre videos, en musiek deur komponiste en kunstenaars van Hugenote afkoms, word beskikbaar gestel by die Hugenote Gedenkmuseum in Franschhoek, of kan bestel word by die Vereniging (adres op voorblad), of via die internet by **http://www.hugenoot.org.za**
Die Vereniging is gemoeid met die reël van gedenkbyeenkomste, waaronder die Drie-eeue gedenkfees van 1989 wat die aankoms van die Hugenote aan die Kaap van Goeie Hoop herdenk het.
In 2002 was die Vereniging die gasheer vir die 3de Internasionale Hugenote-konferensie wat in Stellenbosch en Franschhoek gehou is.
Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vind jaarliks op die laaste Saterdag van Oktober in Franschhoek plaas, met viering van Hervormingsondag die volgende dag.

AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE HUGENOTE-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

U kan deel in die Hugenote-erfenis deur in te skakel in by die Hugenote-Vereniging van SA, wat hom beywer vir die bewaring en uitbouing van ons Hugenote-erfenis en geskiedenis deur die besef van die betekenis van die Hugenote se vestiging in Suid-Afrika te bevorder en in stand te hou.

Lewenslidmaatskap is die ideale geskenk vir ‘n kind of kleinkind en herinner die ontvanger daarvan elke jaar, by die ontvangs van die Hugenote-Bulletin, aan die skenker.

* Ledegeld, lewenslank persoonlik (binnelands RSA): R600 (eenmalig)
* Ledegeld, lewenslank persoonlik (buitelands) VSA$ 200 (eenmalig)
* Korporatiewe ledegeld (binnelands) R1000 (eenmalig)

Bankbesonderhede :
Hugenote Vereniging
ABSA, Franschhoek
Takkode : 335310
Rek no : 4050666210

Stuur aansoekvorm en tjek/poswissel aan:
Hugenote-Vereniging van SA,
Posbus 293,
Franschhoek 7690
of faks besonderhede en bewys van bank-inbetaling aan (021) 876 3649, of stuur per e-pos aan **hugenote@telkomsa.net**

Naam :……..

Adres : …….

……..

……...

Poskode: ……..

Tel : ……

Sel : ……